

22 Januarie

Lukas 11:33-36

Hoe skyn jou lig?

Hoe kan jy 'n lig wees in 'n donker wêreld? Net as jy self verlig is.

Waar kom die lig in jou vandaan? Soos lig van buite die liggaam deur die oog inkom moet die lig van buite af na ons donker binnekant toe kom. Ons het nie self lig binne ons nie. Nie verstand of geleerdheid bring ware lig wat die donkerte van die sondehart verlig nie. Slim en geleerde mense bly steeds sondears. God se lig kom van buite af.

Ons kry God se lig as ons enkelvoudig gerig kyk? Dit is wat die Grieks hier met "goeie oog" bedoel: die enkelvoudig gerigte oog. Die slegte oog is dan 'n dwalende oog. As ons twyfel en God se goedheid vergeet dan dwaal ons oog. Ons oë dwaal na die begeerlikhede van hierdie wêreld. Hierdie dinge troos miskien 'n tydjie om daarna dood en slawerny te bring. Ons sal dan lig kan gee in 'n donker wêreld as ons met die oog, enkelvoudig op God gerig, lewe.

Waarom dwalend soek in goeie dinge wat God self nooit kan vervang nie? Waarom dwalend soek in slegte dinge soos losbandige seksualiteit en orgies van eet en drink en eiebelang? Hou jou oog op Hom wat ware lig gee!

Wat is op jou agenda vandag? Waarvoor gaan jy tyd maak? Vir God, sy Woord en sy dinge of gaan jy dwalend rondsoek in die wêreld?

Sing Psalm 145:9

Ds. P.A. Odendaal (Evander)